

Skriflesing: Miga 3:5- -5:4Teks: **Miga 4:3; 5:1-4**Sing- **Ps. 118:1,14; Ps. 103:6,7; Ps. 105:21; Ps. 33:11****Miga 3:5- 5:4**

(Mic 3:5) So sê die HERE aangaande die profete wat my volk verlei, wat as hulle maar iets het om met hulle tande te byt, vrede verkondig; maar teen hom wat niks in hulle mond steek nie, verklaar hulle 'n heilige oorlog!

(Mic 3:6) Daarom sal dit nag word vir julle, sonder 'n gesig, en duister vir julle, sonder waarsêery; ja, die son sal oor die profete ondergaan, en die dag oor hulle verduister word.

(Mic 3:7) En die sieners sal beskaamd staan, en die waarsêers sal bloos, en hulle almal sal die baard bedek, omdat daar geen antwoord van God kom nie.

(Mic 3:8) Ek daarenteen is vol krag, mét die Gees van die HERE, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde.

(Mic 3:9) Hoor tog dit, hoofde van die huis van Jakob en owerstes van die huis van Israel! Julle wat van die reg 'n afsku het en al wat reg is, verdraai;

(Mic 3:10) julle wat Sion bou met bloed en Jerusalem met onreg!

(Mic 3:11) Sy hoofde spreek vonnisse uit vir 'n geskenk, en sy priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld. Nogtans steun hulle op die HERE en sê: Is die HERE nie in ons midde nie? Geen onheil sal ons wederveraar nie!

(Mic 3:12) Daarom sal Sion om julle ontwil soos 'n land omgeploeg en Jerusalem puinhope word en die tempelberg bosrante.

Mic 4:1 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.

Mic 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Mic 4:3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

Mic 4:4 Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaare het dit gespreek.

Mic 4:5 Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van die HERE onse God vir ewig en altoos.

Mic 4:6 In dié dag, spreek die HERE, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.

Mic 4:7 Dan sal Ek die wat kreupel was, tot 'n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En die HERE sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid.

Mic 4:8 En jy, Skaapstoring, Heuwel van die dogter van Sion, na jou sal dit kom, ja, die vroeëre heerskappy sal kom, die koningskap vir die dogter van Jerusalem.

Mic 4:9 Waarom skreeu jy nou so hard? Is daar geen koning in jou nie? Of het jou raadgewer omgekom, sodat smart jou aangegryp het soos van een wat baar?

Mic 4:10 Krimp inmekaar en bring voort, o dogter van Sion, soos een wat baar! Want nou sal jy die stad verlaat en op die veld gaan woon; en jy sal in Babel aankom—dáár sal jy gered word, dáár sal die HERE jou verlos uit die hand van jou vyande.

Mic 4:11 En nou is daar baie nasies teen jou versamel wat sê: Laat haar onheilig word, en laat ons oë met welgevalle neersien op Sion.

Mic 4:12 Maar hulle ken nie die gedagtes van die HERE nie en verstaan nie sy besluit nie, dat Hy hulle versamel het soos gerwe op die dorsvloer.

Mic 4:13 Staar op en dors, o dogter van Sion! Want Ek sal jou horing yster maak en jou kloue koper, en jy sal baie volke fyn trap; en jy sal hulle onregverdige wins aan die HERE toewy en hulle rykdom aan die Here van die ganse aarde.

Mic 5:1 (4:14) Nou sal jy by hope bymekaar moet kom, o dogter van krygsbendes; die vyand het 'n wal teen ons opgegooi; met 'n stok slaan hulle die regeerder van Israel op die kakebeen.

Miga 5:1-4

Mic 5:2 (5:1) En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

Mic 5:3 (5:2) Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer.

Mic 5:4 (5:3) En Hy sal optree en hulle laat wei in die sterkte van die HERE, in die majesteit van die Naam van die HERE sy God; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde.

Skriflesing: Miga 3:5- -5:4

Teks: **Miga 4:3; 5:1-4**

Sing- Ps. 118:1,14; Ps. 103:6,7; Ps. 105:21; Ps. 33:11

Iemand wat sou sê dat 'n hofsak nie 'n ernstige saak is nie, weet nie waarvan hy praat nie, broeder en suster?! Eers as 'n saak baie ernstig geword het word daar na 'n hof gegaan. Daarom moet ons wat vandag die reeks van die Twaalfstal klein-profete voor ons wil stel in Miga twee hofsake raaksien. Die boek begin in 'n hofsak - hoofstuk 1, vv 2-5, maar dan in hfst. 6 begin weer 'n hofsak. Hier word in hierdie profesie van 7 hoofstukke twee hofsake na vore gebring. 'n Hof werk ook gewoonlik met 'n aanklaer, 'n regter en daar is getuies. Natuurlik moet die klag in 'n hof uitgespel word. Daar moet 'n klagstaat wees. Dit alles is deel van Miga wat ons poog om in die preek die geheel van hierdie profesie na vore te bring, met ons gelese gedeeltes wat so half in die middel lê wat nie maar net 'n soort van 'n onrealistiese ideaal daarstel nie, maar wanneer kan daar vrede wees, werklike blywende vrede, wanneer is dit haalbaar, wanneer maak 'n mens 'n slag van sy kanon eerder 'n trekker. Wanneer kan allerhande wapentuie tog eerder landbou-implemente word. Dit is van die vrae en die gebeure wat in hierdie profesie ons vrae moet word.

Die indeling stel ons soos volg- 1. Hier kom ernstige klagtes na vore. 2. Wanneer kan daar vrede kom. 3. Dinge eindig met 'n gebed en 'n loflied.

Hier kom ernstige klagtes na vore:

Wie was Miga. Dadelik kan ons sê dat sy naam het 'n besondere betekenis. Dit is 'n 'n verkorting van die naam Mikaja wat beteken WIE IS SOOS DIE HERE. (Vgl. Mig 7:18- verband met die Engelse naam Michael of Migael) Hy kom oorspronklik van 'n dorpie so 40km suidwes van Jerusalem, 'n plek met die naam Moseret-Gat. Daarom het party ook na hom verwys as die Morastiet wat sinspeel oor waar hy vandaan kom. Weereens soos met van

die vorige profete is daar nie meer van hom bekend nie. Hy was 'n plattelander wat wel goed geweet het wat in die stad aan die gang is. Eintlik maar weer 'n bevestiging dat as die profeet min oor homself praat dan sê hy eintlik dit is nie ek wat belangrik is nie, maar die boodskap wat ek bring dit is die belangrikste! Heeltyd gaan dit om die verstaan van Wie die Here is.. my naam wil dit uitdra. Dit wat deel van Miga se profesie opstel is dat ons hom saam met Jesaja moet plaas.

As u Jesaja 2:2-4 sou lees en ons blaai na Miga 4:1-3 dan is dit baie duidelik die twee manne ken mekaar, of ten minste weet hulle van mekaar se werke. Hierdie twee gedeeltes staan identies tot mekaar. Soos Jesaja in die suidryk was, so ook Miga. Hulle tree in dieselfde tyd op, tog mag dit wees dat Miga so bietjie ouer as Jesaja was. Sy profesie was dan waarskynlik so bietjie voor die van Jesaja uitgespreek. Die manne in die suide se eweknieë daardie tyd in die noorde was Hosea, maar Amos is heel waarskynlik 'n voorganger vir Hosea en Miga gewees. Jona het seker omtrent 150 jaar voor Miga opgetree. Tussen die profesie van Nahum en Miga dalk weer omtrent 80 jaar wat Miga voor Nahum was.

Die besonder ernstig saak wat die Here in Miga hanteer, wat twee hofsake verg het soos met die meeste ander profete alles weer met die sosio-politieke en sosio-maatskaplike omstandighede te make. Geloof praat 'n taal wat die politiek so min kere behoorlik kan verstaan. Politici hou gewoonlik baie daarvan as die profete hulle taal praat en nie teen hulle praat nie. Die ware profeet soos Miga was alles behalwe 'n politieke dominee. Ja, die profeet van verlede Sondag, Jona hy was in baie opsigte 'n politieke dominee... Miga leef in die tyd wat die noordryk Israel en die suidryk Juda ernstige spanninge met mekaar beleef het. Die Assiriërs was besig om al sterker na vore te tree met hulle leier Tiglat-Pileser III. Die noorde wat deur Peka regeer was, wou nie onder Assirië staan nie, toe gaan hulle in 'n koalisie met Resin die koning van Damaskus.

Die vet in die politieke vuur het begin spat toe die noorde die suide wou dwing om ook in die koalisie te gaan. Toe die suide weier toe het hulle eie broers uit die noorde hulle aangeval. Alles word net meer gespanne want Agas die koning van die suide wat Jotam opgevolg het hulle besluit toe om Assirië as bondgenote te kies want het die suide ook die Edomiete en die Filistynse as bedreiging beleef. Dit was toe grootliks die begin van die einde vir die noorde-ryk want Assirië gee gehoor aan Agas se oproep, hulle val toe saam met Juda die noorde binne – 734vC – die koalisie tussen Peka en Resin is tot niet en groot dele word toe deel van

die Assiriese ryk en is die 10 stamme weggevoer soos ons in 2 Kon 15:29 lees- **29** *In die dae van Peka, die koning van Israel, het Tiglat-Piléser, die koning van Assirië, gekom en Ijon ingeneem en Abel-Bet-Máäga en Janóag en Kedes en Hasor en Gílead en Galiléa, die hele land Náftali; en hy het hulle in ballingskap weggevoer na Assirië toe.*

Alles 'n magspel, 'n politieke spel waarvan die wêreld net nooit genoeg van kan kry nie. Die Assiriërs as bondgenote van Juda eis nie net politieke onderdanigheid nie maar ook godsdienstige gelykheid, ons gode is net so belangrik soos wat julle meen die ware God is. Polities, godsdienstig, ekonomies het die Assiriërs hulleself laat geld want baie van die dinge wat Miga oor praat is in die Suid-Afrika van vandag nie onbekend is nie. As ons die dinge bymekaar voeg waaroor Miga ernstig oor was, dit wat God se klagstaat uitrol dan word daar gekyk na die sedelike verval, korrupsie, armes wat uitgebuit word, die besigheidsmanne steel hulleself al hoe ryker, die predikante se preke word al hoe meer soetsappig, praat mense na die mond, is tog so bang daar sal op tone getrap word... Ja, God wys op die regters wat eintlik slagters geword het (Miga 3:1-14).

Hfst 1 begin God te praat, Miga maak dit baie duidelik, God gee getuienis van wat aan die gang is, maar dieselfde God word dan die Aanklaer. As u hfst. 1 lees dan is God soos 'n regter wat vanaf sy woonplek die hofsaal binnestap en as Regter op die regbank plek inneem. Wanneer God hier inbeweeg dan sien Miga die berge smelt soos kerswas, die laagtes skeur oop, ja alles word soos kerswas voor vuur, dit smelt, die was word soos water wat langs 'n helling afstroom. Aangrypend hoe groot God hierin na vore kom. En as God begin praat dan kom die eintlike verloop aan die gang. Die noorde- Samaria se groot probleem is prostitusie, maar Juda wat maak jou anders. Niks, die dinge het soos 'n virus na jou oorgedra. Waar die Assiriërs en die uit Damaskus soveel klem lê in hulle kamtige natuurgodsdiens op seksuele rituele en selfs in die tempel is van die hooffigure prostitute. Samaria se sonde is nou ook tot in die hartjie van Jerusalem oorgeplant.

Miga is soos 'n verslaggewer daar waar die hofsaak aan die gang is. Die beskuldigdes word een na die ander ingeroep. As God verskyn wat is dan die reaksie?! So sien Miga profeties Samaria se reaksie, beskuldigde nr. 1, beskuldigde nr. 2 is Jerusalem – Miga raak bewoë, hy raak persoonlik betrokke... 8-9 is Miga soos een wat heeltemal persoonlik by alles betrokke raak- **8** *Daaroor wil ek rouklaag en huil, kaalvoet en naak loop. Ek wil klae soos die jakkalse en treur soos die volstruise.* **9** *Waarlik, haar wonde is ongeneeslik; want dit het*

gekom tot by Juda, dit reik tot aan die poort van my volk, tot by Jerusalem. Miga voel hom soos 'n volstruis wat klae – al is hy die grootste van die voëls, die volstruis kan nie vlieg nie, maar 'n tweetoon-hardloper. Hierna noem Miga sommer nog klomp plekke wat reageer op God wat die regsaaal inkom, ja 7 van die 12 plekke wat genoem word, is almal geleë suidwes van Jerusalem, almal minder as 10 myl van waar Miga gebore en grootgeword het. Ja, Lakis een van die twaalf, ook Miga se geboorteplek Moreset-Gat staan onder die oordeel. Lakis was 'n stad bekend vir sy militêre paraatheid, maar die stad het al meer in sy eie militêre vermoëns begin glo, ja hulle vertrou meer op hulle wapens as op die Here. Dit is 'n wantroue in die Here, die mens begin homself as god verbeel.

Hfst 1 met God op die regbank is daar eintlik net rede om hulleself in alles te verootmoedig. Ja, Miga gebruik weer die beeld van 'n ander voël, die aasvoël en hy roep die manne tot iets wat eintlik nie mag nie (vgl. Lev. 21:5; Deut. 14:1), om jou hare so te skeer dat daar kaaltes op hulle koppe moet wees, dit moet lyk of hulle sulke kaal nekke soos aasvoëls het, want hulle ballingskap is op pad.

Hfst 2 slaan die oordele net nog dieper en dieper in. Dit is baie duidelik Miga praat oor besigheidsmanne en hulle manier van hoe hulle besigheid doen, *grondvergrype- hulle begeer velde en roof dit...* Agab het met Nabot se wingerd dit gedoen... maar die volk leer nie. dan kom Miga by die predikante van daardie tyd, ja hy kom eintlik twee keer terug met wat hy 'n groot probleem onder die verkondigers bemerk, alles behalwe verkondigers van God se Woord. Eers in hfst. 2:6-11 en dan weer in hfst. 3:5-8 is 'n kernprobleem by die verkondigers dat hulle mense na die mond praat. Hulle vertel wat mense graag wil hoor. Miga daarenteen, een verklaarder noem hom 'n profeet vol reg en heldemoed het niks van Miga se preke gehou nie. Hulle het gevoel sy preke ontstel ons te veel. Dit sal beter wees as hy eerder maar stilbly. Miga is heeltemal te ernstig. Dinge is darem nie soos hy dit maak nie, ons sonde is glad nie so erg soos Miga daarna kyk nie. Hoe ernstiger Miga gepreek het, hoe meer het andere in hulle ligsinnigheid toegeneem.

Van die laaste baie ernstige klagtes wat na vore kom is gerig op die regters onder die volk. Miga sien hulle meer as slagters in 'n slaghuis as regters op 'n regbank. Hulle trek die vel van die mense af... Nou weet ons vandag nog, ja Miga het so baie vir ons in ons dae te sê. Mense in 'n land, al gaan dit hoe sleg, wil hulle darem nog altyd vertrou in hulle regstelsel stel. As mens nie eers meer jou eie regstelsel kan vertrou dan het dit baie laat geword. Miga

sien hoe die reg selfs korrup geword. Wanneer 'n regter vir ander wil wette voorskryf maar hyself breek daardie wette. Broeder en suster, is al hierdie dinge nie ons dae baie bekend nie. As hy met regter afreken dan is hy weer by die bedienaars, by hulle wat veronderstel is om predikante te wees. Ja, in Miga 3:8 dan doen hy iets geweldig groot. Al wat 'n predikant 'n predikant kan laat wees is die Gees van die Here. Wanneer bedienaars hulle eie stories begin vertel, ja Miga sien dit raak dan sal jy agterkom die stories raak op, hulle het later nie eintlik meer iets om te sê nie. Miga stel homself in vers 8 so voor- *8 Ek daarenteen is vol krag, mét die Gees van die HERE, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde.*

Die man vol van reg en heldemoed is nie homself wat hy prys nie, maar hy stel dit dat hy vreesloos die sonde van sy volk en almal langs hulle sal bekendmaak. Ja, geliefdes, niemand in die kerk, die bedienaar van die Woord heeltemal hierby ingesluit mag 'n aanbieder van geld en goed word nie. Hoofstuk 3 eindig met die siekte van materialisme. Regters praat om geld te kry, predikante is daar vir geld. Dit word baie sleg. Dan kom hfst. 4 – Hfst 4 gee ons tweede gedagte-

Wanneer kan daar vrede kom?!

Vrede is die mees gesoekte item, die mees gesoekte toestand, die mees verlangde ideaal wat daar tot vandag in die wêreld gesoek word. Daar waar vrede so buite die mense se bereik lyk te wees. Mense maak oorlog en oorlog. Dink maar aan al die oorloë wat aan die gang is. As dit nie Sirië is nie, dan is dit Israel en Gaza, dan weer Afghanistan of waar ook al. Altyd is daar ook een of ander rebelle-mag in Afrika. Boko Haram of wie ook al, dit maak die mens so moeg. Afrika lê waarlik net so vol bloed soos die res van die wêreld. In ons eie land het vrede seker die maklikste woord geword om te sê maar is ons die verste daarvandaan af as wat mens daarvan kan wees. Boere op die plase, sovele van hulle sal kan vertel hoe dit met hulle daar op die plase gegaan het waar 'n aanval was. Dit is van die wreedste denkbaar.

Miga, die plattelander wat wel die stad ken, wat wel weet hoe min vrede daar is, hier kom hy in sy plaas element, daar waar dit lyk hy vandaan kom en hy besef as alle mense net God erken, dan kan daar vrede wees. Dit sal 'n blywende vrede kan wees omdat die Here alleen so 'n tipe vrede kan bewerk. As mense werklik God erken, hulle leef werklik met die goeie vraag- Wie is soos die Here, met die dadelike besef daar is net één Here, daar kan niemand soos die Here wees nie, geliefdes dan het die wêreldorde omgekeer. Miga het 'n aangrypende tipering van die vredestyd, dit sal tegelyk 'n Messiaanse werklikheid wees. Christus regeer

dan! Miga stel dit voor hoe die Sionsberg net hoër en hoër word, daar kom 'n geestesvervoering hoe die verhoging al die ander berge oorskadu en die mense is bly, dar word na die tempel gestroom, mense wat mekaar oproep- Kom, laat ons na die huis van die Here gaan. Laat ons die Here se weë ken, sy verordeninge in ons lewe toepas, sy wil moet ons wil word. Daar is geen geld en grond en goed, geen wêreldse wysheid en sinlike genot wat die mense trek nie, nee die mens wil God en dit wat God gee eerste stel.

Dan het daar vrede gekom. Miga sien in sy plaas-gelaat, ja 'n boer in geestes-gelaat hoe handig kan dit wees as 'n kanon eerder iets word waarmee mens kan ploeg. Gewere word grawe om te spit en te skoffel, spiese word snoeimesse om die ranke van die wingerde mee af te sny... daar nie meer 'n ministerie van verdediging nodig sal wees nie. Ja, Miga bring die vrede na vore waar dit gelyk het dit werklik die minste moontlik sal wees. Wêrelde brand en brom teenoor mekaar, mense haat mekaar, die oorloë selfs tussen noord en suid, broer volke is rou in hulle harte, hulle maak mekaar so seer en hier kom die man en hy praat van vrede. Dit kan tog nie! Miga sien soos Dawid die herder wat sy skape nie oor bomme laat trap nie, maar wat hulle bymeekaarmaak, wat hulle saggies lei, wat hulle bring by strome waar daar rus is, hulle kan saggies op die gras neerlê. Miga 5:3-5 is so 'n herder.

Wag bietjie, dit is asof ons Miga dit kan hoor sê... Jerusalem sal wel tot sy laaste stene moet laat val, die stad sal ingeneem word, maar daar kom 'n ander tyd. Dan sien Miga die heilstyd, die herder tyd... alles as die Messiaanse tyd, waar mense in die vorige hoofstukke moes hoor en hulle daarvoor moes wonder, wat is werklik ons oortreding (Miga 1:1-16) kan die Gees van God ingeperk word (Miga 2:1-13), is daar nog enige Woord wat van die Here Self kom (Miga 3:1-12), want al wat ons hoor is onderstebo preke, profete wat mense behaag en nie na God soek nie, profete misbruik die geleentheid om te mag preek, mense maak misbruik van ander mense, mense maak misbruik van voorregte (3:9-12). In al hierdie seer en waar vrede lyk so vêr te wees, mense lewe in 'n staat van om grond en andere te misbruik, daar vra Miga die vraag sal daar nie 'n koning kom anders as alle ander en Hy kom en regeer. Dit sal God se koning moet wees, Hy alleen moet regeer. Dan sal daar ware vrede wees. Vanaf hierdie Koning kyk ons al meer na van die laaste wat Miga ons leer- Na álles –

Daar kan geëindig word met 'n gebed en 'n loflied:

Voor die gebed en die loflied was dit eers weer terug na die regsaaal, na die hofsaaal. God is besig met 'n regverdige verhoor. Dit laat die hele Miga sy toonhoogtes bereik. 'n Tweede keer is God waarlik die Regter wat gaan reg spreek. Die volk het dalk wou wonder maar

hoekom gebeur die mooi dinge nie, dit wat so pas nou oor die herder, die vrede en alles daarmee saam gesê is nie. Dit waarna hulle so kan uitsien. Miga eindig deur te verduidelik waarom die vrede en die heil nie aanbreek nie. Dit is nie God se skuld nie, dit is hulleself wat hulle die vrede ontroof. Die korrupsie en verval kom weer duidelik uit. Norme en waardes moet weer nagejaag word, ja die wonde wat nie wil gesond word nie, dit is baie keer nodig om daardie wond maar eerder eers weer oop te maak, die seer kom van vooraf, maar alleen die wond wat waarlik skoongemaak kon word, kan daar van beterskap en genesing sprake wees. Dit werk in die lewe ook so.

God soek nie materiële offers en allerhande uiterlike vertoon van hande wat klap en dit wat daarmee saamgaan nie. Gee my jou hart is waarna God soek. Die mens wat weet wat goed is, moet 'n slag dit gaan doen, moet nie net daarvoor bly praat nie. Bid daarvoor, want dit is hoe Miga by 'n loflied kon uitkom. Een kommentaar stel dit dat hier is 'n Psalm. waar dinge in 'n hof begin het, amper het alles weer in die hof geëindig. As dit van ons sou afhang dan is die hof die enigste waar alles vir ons sou eindig en ons sou almal skuldig wees. Tog eindig Miga met 'n loflied oor God (7:18-20) *18 Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehae in goedertierenheid. 19 Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp. 20 U sal trou bewys aan Jakob, goedertierenheid aan Abraham, wat U aan ons vaders met 'n eed beloof het sedert die dae van die voortyd.*

Geliefdes om hiermee te mag eindig, is seker die grootste wat enige mens ooit kan dink of sê- God het 'n behae, God hou daarvan, God het 'n besondere voorliefde om barmhartig te wees en genade te betoon. Niks maak God meer gelukkig as om aan ons barmhartigheid te betoon nie. As God anders moes wees, mens kan jou dit nie indink nie. Ons mag hierdie genade verkondig, ons mag, ons moet al meer word wat Christus is, ons kan met vrymoedigheid na hierdie God toe gaan. Mag Hy wat 'n welbehae het in barmhartigheid ons die ware reg leer. Dit het Miga ons tussen die profete laat opstaan, hy het op die einde daarvoor kon sing.

AMEN